

Stry vir die geloof (Judas)	Leef in die waarheid (II Johannes)	Wees gasvry (III Johannes)
Judas, 75-85 nC	Johannes, die Evangelie skrywer	

Dag	Lees
Ma	II Joh 1
Di	III Joh 1
Wo	Judas
Do	II Pet 1-17
Vry	Gen 4:3-8, I Joh 3:12
Sat	Num 22
Son	Ps 127

Die tweede en derde sendbriewe van Johannes is persoonlike briewe gerig aan individue. Hy skryf as oudste aan sy geliefde kinders. 2 Johannes is geskryf aan die uitverkore vroue terwyl 3 Johannes geskryf is aan Gaius, waarskynlik 'n bekende lidmaat van een van die gemeentes van Asië maar dan moet jy dit bely – God is getrou en regverdig – Hy vergewe al ons sondes (1:9; 2:1,2)!

Aan Hom behoort die heerlijkheid en die majesteit, die krag en die mag, van alle ewigheid af, ook nou en tot in alle ewigheid! Amen. (Judas :25)

Judas, die broer van Jesus, noem homself hier 'n dienaar van Jesus Christus (1:1). Judas beveg die dwaalleer van 'n lewe van losbandigheid onder die dekmantel van geloof. Om die gevare te vermy moet gelowiges onthou wat hulle geleer is (:17) en in die liefde van God bly (:21). Die laaste opdrag het drie fasette:

1. Bou die lewe op die geloof (:20)
2. Bid deur die krag van die Heilige Gees (:20)
3. Vestig die verwagting op Jesus Christus wat die ewige lewe sal gee (:21)

In 2 Johannes word die belangrikheid om in die waarheid te lewe beklemtoon. Hy waarsku teen misleiers wat nie erken dat Jesus die Christus is wat mens geword het nie. Elkeen wat nie by die leer oor Christus bly nie, maar daaraan verander, erken God nie. Wie in dié leer bly, erken sowel die Vader as die Seun. As daar iemand na julle toe kom wat 'n ander leer bring, moet julle hom nie in julle huise ontvang nie en hom selfs nie groet nie, (2 Joh 1:9-10).

Die derde brief se sleutelwoord is gasvryheid. Johannes moedig gasvryheid aan, want daardeur word die evangelie verder versprei. Hy gee twee voorbeelde: Diotrefes het die wat gasvryheid bewys het verban. Hulle moes eerder die voorbeeld van Demetrius volg – waarvan die gemeente net goed kan praat. Hy spoor ook die gemeente aan om in die waarheid te lewe. Liewe Gaius, moenie die verkeerde voorbeeld volg nie, volg die goeie. Wie goed doen, behoort aan God; wie verkeerd doen, het nie vir God gesien nie. (3 Joh 1:11).

Evangelies	Evangelie versprei	Verlossings leer	Briewe uit gevangenis	Opvolger riglyne	Kerk en lyding	Kerk en dwaalleer	Wederkoms	Die einde
------------	--------------------	------------------	-----------------------	------------------	----------------	-------------------	-----------	-----------

Stry vir die geloof (Judas).

Van Judas, Jesus se dienaar.

Aan julle wat Hy liefhet en bewaar:

Mag Hy vir julle vrede gee

en liefde in oorfloed daarmee. (Jud :1,2)

Ek wou vir julle oor verlossing skryf,
maar ek voel my nou gedryf

om julle met die brief aan te spoor.

“Stry vir die geloof”, moet jul hoor!

Dié boodskap is so besonder,

want God het julle vir Hom afgesonder. (Jud :3)

Mense het ongemerk julle binnegedring.

Pasop vir wat hulle vir julle bring...

Hulle misbruik die genade van God

om losbandig te lewe vir genot. (Jud :4)

Hierdie mense onder julle gaan straf verdien:

Onder die dekmantel van gesigte wat hulle sien,

het hulle, hulle eie ligaame onteer

en verwerp so die gesag van die Heer. (Jud :8)

Hulle het net kennis van hul natuurlike drang

en juis dít is hulle ondergang! (Jud :10)

Soos Kain, Bileam en Korag,

verskriklik hul lot op dié dag. (Jud :11)

Hulle besoedel julle liefdesmaaltyd

met hulle skaamtelose uitspattigheid. (Jud :12)

Hulle is wolke met geen reën in die lug.

Hulle is bome onwortel sonder vrug.

Hulle is woeste golwe van die see.

Hulle is sterre uit hul baan getree. (Jud :12,13)

God hou vir hulle plek gereed

in die duister dieptes, moet jy weet! (Jud :13)

Hulle is altyd ontevrede met hul lot.

Hulle lewe volgens begeertes en genot.

Vleiend sal hul van jou praat,

solank hulself net daaruit baat. (Jud :16)

Geliefdes, onthou Jesus Christus weer,

want die apostels het julle geleer: (Jud :17)

In die laaste dae kom hulle weer

ja, mense wat net doen wat hul begeer. (Jud :18)

Julle moet liever julle geloof bly bou

en aan God se liefde vas bly hou.

Bid vir die krag wat die Gees:

Die ewige lewe moet jou verwagting wees! (Jud :20)

Ontferm jou oor die wat twyfel hier.

Red ander deur hul te ruk uit die vuur! (Jud :22,23)

Aan Hom wat magtig is om julle van struikeling te bewaar

en julle eendag onbevlek na sy heerlijkheid kan laat staar,

aan die enigste God, ons Verlosser en Heer,

aan Hom behoort die heerlijkheid en eer!

Ja ook alle krag en mag en majesteit,

van nou en tot in alle ewigheid! Amen. (Jud :24,25)